

## Kerssang II

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u>        | <u>DETAIL</u>   | <u>DATA</u>                     | <u>KLANK</u> |
|------------|-------------------|---|---------------------------------|--------------|
| Data       | Vooraf            | Rustige musiek  | 1                               | CD1          |
| Data       | Reelings          | Sit, gebed, offer   | 1a                              |              |
| Data       | <u>Stilgebed</u>  | (30 sek)  | 2                               |              |
| Data       | Voorlesing        | <p>Die Outeur van die lewe (1)</p> <p>Die Outeur sit by Sy groot lessenaar en maak 'n groot boek oop. Dit bevat geen woorde nie. Dit bevat nie woorde nie, want daar daar bestaan nie so iets nie. Daar bestaan nie woorde nie, want woorde is nie nodig nie. Daar is niemand om hulle te hoor nie, niemand om hulle te lees nie. Die Outeur is alleen.</p> <p>Dan tel Hy Sy groot pen op en begin skryf. Soos wat 'n kunstenaar sy kleure bymekaarmaak en 'n houtsnier sy gereedskap, so maak die Outeur Sy woorde bymekaar.</p> <p>Daar is drie. Drie enkele woorde. Uit hierdie drie sal miljoene gedagtes voortvloei. Maar om hierdie drie sal die verhaal draai. Hy neem Sy pen en spel die eerste woord: <b>T-y-d.</b></p> <p>Tyd het nie bestaan voordat Hy dit geskryf het nie. Hy self is tydloos, maar Sy verhaal gaan in tyd gehul wees. Die verhaal sal 'n eerste dagbreek hê. 'n Begin en 'n einde. 'n Slothoofstuk. Hy weet voor Hy dit neerskryf.</p>  | 3<br><br><br><br><br><br><br>3a |              |
| Solis      | Solo              | From a distance (vervang met enige lied van u keuse)  | 4-5 (loop self)<br>6=blanko     | Eie musiek   |
| Data       | Voorlesing        | <p>Die Outeur van die lewe (2)</p> <p>Stadig, liefdevol, skryf die Outeur die tweede woord: A-d-a-m. Mens. Terwyl Hy skryf, sien Hy hom, die eerste Adam. Dan sien Hy al die ander. In 'n duisend tydperke, in 'n duisend lande sien die outeur hulle. Elke Adam. Elke kind. Onmiddellik geliefd. Vir altyd geliefd. Aan elkeen ken Hy tyd toe. Vir elkeen gee Hy 'n plek. Niks per ongeluk nie. Geen toeval nie. Net 'n plan.</p> <p>Die Outeur maak 'n belofte aan hierdie ongeborenes. Na My beeld sal Ek julle maak. Julle sal soos Ek wees. Julle sal lag. Julle sal skep. Julle sal nooit sterf nie. En julle sal skryf.</p> <p>Hulle moet, want elke lewe is 'n boek; nie om gelees te word nie. Eerder 'n verhaal om geskryf te word. Die Outeur begin elke lewensverhaal, maar elke lewensverhaal sal sy eie slot skryf.</p> <p>Watter gevaarlike vryheid. Hoeveel veiliger sou dit nie gewees het om die verhaal vir elke Adam te voltooi nie. Om elke keuse vooruit te bepaal. Dit sou soveel makliker gewees het. Dit sou soveel veiliger gewees het. Maar dit sou nie liefde wees nie. Liefde is net liefde as daar keuses is.</p> <p>Dus besluit die Outeur om vir elke kind 'n pen te gee. Skryf asseblief versigtig, fluister Hy...</p> | 7 (loop self)                   |              |
| Data       | Voorlesing        | <p>Hoe lyk die verhaal wat die mens deur die eeue geskryf het? Ja, dis nie altyd 'n mooi verhaal nie. Baie keer is dit 'n skrikwekkende verhaal. 'n Verhaal vol van moord en doodslag. 'n Verhaal van onreg en seermaak. Verkragting en kindermishandeling. Uitbuiting en bedrog. Oorlog en terrorisme...</p> <p>Kyk maar net na die verhaal wat die mens in 2001 geskryf het...</p>  | 8                               |              |
| Data       | Visuele vertoning | VSA: 11 Sept 2001   | 9-80 (loopself)<br>81=blanko    |              |

|               |              |   |   |            |
|---------------|--------------|---|---|------------|
| Data          | Voorlesing   | <p>Die Outeur van die lewe (3)</p> <p>Ja, 'n Skrikwekkende verhaal. Daarom het God lank gelde reeds besluit dat Sy verhaal nie hier sou ophou nie.</p> <p>Liefdevol, stadig, skryf Hy die derde woord: <b>I-m-m-a-n-u-e-l.</b></p> <p>Die grootste krag in die heelal het tyd uitgedink. Die regverdigste Regter het aan die mens 'n keuse gegee. Maar dit was Liefde wat Immanuel gegee het. God by ons.</p> <p>Die Outeur sou deel word van Sy eie verhaal. Die Woord sou vlees word. Hy sou ook gebore word. Hy sou ook mens word. Hy sou ook voete en hande hê. Hy sou ook trane en beproewing ken.</p> <p>En die belangrikste van alles, Hy sou ook 'n keuse hê. Immanuel sou te staan kom op die kruispad van lewe en dood en 'n keuse maak.</p> <p>Die Outeur is baie bewus van die belangrikheid van hierdie keuse. Hy dink 'n oomblik na terwyl Hy die bladsy van Sy eie pyn neerskryf. Hy sou kon ophou. Selfs die Outeur het 'n keuse. Maar hoe kan 'n Skepper nie skep nie? Hoe kan 'n skrywer nie skryf nie? En hoe kan Liefde nie liefhê nie? Dus kies Hy lewe, hoewel dit die dood beteken, in die hoop dat Sy kinders dieselfde sou doen. En so voltooi die Outeur Sy verhaal. Hy deurboor die hande met spykers en rol die klip voor die graf. Hy weet watter keuse Hy gaan maak, en watter keuse alle Adams gaan maak. Dan skryf Hy "die einde" en maak die boek toe.</p> | 82<br>82a                                       |            |
| Solis         | Solo         | Met middernag   | 83<br>84=blanko                                 | Eie musiek |
| Data          | Voorlesing   | <p>Daar is een woord wat die nag beskryf waarin Jesus gebore is - doodgewoon. Die lug was doodgewoon. 'N Briesie het nou en dan die blare geroer. Dier sterre was diamante wat geskitter het op swart fluweel. Wolke het voor die maan verbygeweef. Dit was 'n wonderskone nag - 'n nag waarop 'n mens by jou kamervenster kon uitloer om dit te bewonder - maar nie 'n buitengewone nag nie. Geen rede om 'n verrasing te wagte te wees nie. Niks om 'n mens te laat wakker lê nie. 'N Gewone nag met 'n gewone sterrehemel. Die skape was doodgewoon. Party was vet, party brandmaer. Party met ronde pense. Ander met dun beentjies. Doodgewone diere. Geen vliese van goud nie. Geen geskiedenis makers nie. Geen prysweners nie. Hulle was eenvoudig maar net skape - ronde, slapende silhoeëtte teen die heuwel. En die herders. Doodgewone boere. Waarskynlik met al die klere wat hulle besit aan hulle lyf. Hulle was pligsgetrou, gewillig om die nag by hulle kudde deur te bring. Maar 'n mens sal nie hulle kieries in 'n museum vind of hulle geskrifte in 'n Biblioteek nie. 'N Doodgewone nag met doodgewone skape en doodgewone herders. En was dit nie vir 'n God wat daarvan hou om ietsie ekstra by die gewone te voeg nie, sou hierdie nag ongemerk verbygegaan het.</p>   | 85  |            |
| Koor of MG    | Musiekgroep  | Hierdie Heilige nag (Jeugsangbundel II nr 54)   | 86<br>87=blanko                                 |            |
| Orrelis of MG | Gemeentesang | Weer dink ons saam aan daardie nag (Ges 84, Liedboek 338)   | 88 (vers 1 & 2)<br>89 (vers 3 & 4)<br>90=blanko |            |

|               |              |   |  |  |
|---------------|--------------|---|--|--|
| Data          | Voorlesing   | <p>“In ‘n stal is ‘n vrou besig om geboorte te skenk. Sweetdruppels blink op haar voorkop. Nou sper sy haar oë oop. Dan knyp sy hulle toe. Sy lag en kreun. Die jong dokter moedig haar aan: “Toe maar, nie meer veel langer nie. Moenie moed opgee nie.” Met ‘n diep asemteug leun sy vorentoe en span haar laaste bietjie energie in. Dan leun sy terug, bleek en uitgeput. “Jy het ‘n seun!” Sy lig haar kop net hoog genoeg om die rooi kindjie in die palms van die geneesheer te sien rus. Ingenome met sy taak, maak die dokter die ogies skoon en merk met ‘n glimlag op hoe hy sukkel om hulle oop te kry. Dan word die kind, vars uit die moederskoot verwelkom, en aan sy moeder teruggegee. Sy druk Hom styf teen haar vas. Sy Naam is Jesus: Hy kom Sy volk van hulle sonde verlos. Hy is Immanuel - God met ons!</p>  | 91   |  |
| Orrelis of MG | Sang         | <p>Hal 35:1-3 “Die Heiland is gebore”<br/> Ges 96:1-3 “Stille nag”<br/> (Neem asb weer u plekke in)</p>   | 92-94<br>95-97<br>98   |  |
| Data          | Voorlesing   | <p>Luk 2:8-20<br/> Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. 9 Meteens staan daar ‘n engel van die Here by hulle, en die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik. 10 Toe sê die engel vir hulle: “Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle ‘n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk bestem is. 11 Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! 12 En dit is vir julle die teken: julle sal ‘n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in ‘n krip lê.” 13 Skielik was daar saam met die engel ‘n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: 14 “Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy ‘n welbehag het!” 15 Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir mekaar: “Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het.” 16 Hulle gaan toe haastig daarheen en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê. 17 Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is. 18 Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het. 19 Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daarvoor nagedink. 20 Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net soos dit vir hulle gesê is.</p> | 99   |  |
| Orrelis of MG | Gemeentesang | <p>Nuwe kerslied (Melodie van Magaliesburgse aandelied Jeugsangbundel 2 no 20)</p>  | 100 (vers 1)<br>100a (vers 2)<br>101 (vers 3)<br>101a (vers 4)                   |  |
| Koor of MG    |              | <p>Op strooi in Sy wiegie (bladmusiek aangeheg)</p>   | 102<br>(gemeente)<br>102a<br>(musiekg)<br>103<br>(gemeente)<br>103a<br>(musiekg) |  |
| Orrelis of MG |              | <p>Herders op die ope velde (Ges 90, Liedboek 364)</p>  | 104-106  |  |
| Koor          | Koorsang     | <p>Dogter van Sion (of enige lied van u keuse)</p>  | 107  |  |

|                 |                         |   |  |         |
|-----------------|-------------------------|---|--|---------|
| Data            | Voorlesing              | <p>Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes. Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom 2 en gevra: “Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys.” 3 Toe koning Herodes hiervan hoor, was hy, en die hele Jerusalem saam met hom, hewig ontsteld. 4 Hy het toe die priesterhoofde en die skrifgeleerdes van die volk bymekaar geroep en hulle uitgevra oor waar die Christus gebore sou word. 5 Hulle het hom geantwoord: “In Betlehem in Judea, want so is dit deur ’n profeet geskrywe: 6 En jy, Betlehem, gebied van Juda, jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie. Uit jou sal ’n leier voortkom wat vir my volk Israel ’n herder sal wees.” 7 Daarna het Herodes die sterrekykers in die geheim ontbied en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster verskyn het. 8 Hy het hulle na Betlehem toe gestuur met die woorde: “Gaan doen noukeurig ondersoek na die Kindjie, en as julle Hom kry, laat my weet, sodat ek ook aan Hom hulde kan gaan bewys.”</p> <p>9 Nadat hulle die koning aangehoor het, het hulle vertrek; en kyk, die ster wat hulle sien opkom het, het hulle gelei totdat dit gaan staan het bo die plek waar die Kindjie was. 10 Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly. 11 Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre.</p> | 108  |         |
| Orrelis of MG   | Gemeentesang            | Tromspelertjie (Bladmusiek aangeheg)<br>Kom alle getroues (ges 88, Liedboek 345)  | 109-111<br>112-113<br>114=blanko             |         |
| Koor            | Koorsang                | Ons kniel voor U (of enige lied van u keuse)  | 115  |         |
| Liturg          | <b><u>Gebed</u></b>     |   | 116  |         |
| Koor of MG      | Koorsang                | Die Christuslied (aangeheg)   | 117  |         |
| Orrelis of MG   | Gemeentesang            | Hosanna (Afr & Eng) (Kitaardrukke aangeheg)<br>Sy Naam is Wonderbaar (Jeugsangbundel 2 no 56)<br>Loof Koning Jesus (2x) (Kitaardrukke aangeheg)<br>Ek wil U sien Heer (1-4) (Bladmusiek aangeheg)<br>(Neem asb weer u sitplekke in)   | 118-119<br>120-121<br>122<br>123-126<br>126a |         |
| Solis           | Solo                    | Lied aan die Lam  | 127  | Kasset3 |
| Jeugmusiekgroep | Koorsang                | Naby U (of enige lied van u keuse)<br>Love changes everything (of enige lied van u keuse)   | 128<br>129                                   |         |
| Orrelis of MG   | Gemeente                | Welkom o stille nag van vrede (Liedboek 358)  | 130-132                                      |         |
| Data            | <b><u>Stilgebed</u></b> |   | 133  |         |

|               |                                  |  |                           |  |
|---------------|----------------------------------|--|---------------------------|--|
| Data          | Voorlesing                       | Jesus het vir ons kom wys hoe lyk regte blydskap. Ek noem dit heilige vreugde. Dis heilig, want dit is nie van hierdie wêreld nie. Dit wat heilig is, behoort aan God. En hierdie blydskap is God s'n. Dis vreugde, want dit kan bevredig en verras. Vreugde is die skaapwagters wat in die veld buite Betlehem huppel van blydskap. Vreugde is Maria wat kyk hoedat God in 'n krip slaap. Vreugde is die gryse Simeon wat die God prys wat gekom het om besny te word. Vreugde is Josef wat die Skepper van die heelal wys hoe om 'n hamer vas te hou. .... Die hierdie blydskap wat deur die Rietsee gedans het. Dit was hierdie vreugde wat die trompette by Jerigo geblaas het. Dit was hierdie blydskap wat Maria laat sing het. Dit was hierdie blydskap wat die Paassondag so 'n blye môre gemaak het. Dis God se blyheid. Dis Heilige vreugde. En dis binne jou bereik. Daar lê net een besluit tussen jou en vreugde. (GJOJ 14) | 134                       |  |
| Orrelis of MG | Gemeentesang                     | Ges 80:1-2 "O Christus ons verlange"<br>Ges 87:1,2,5 "Kom kinders besing"<br>Ges 89:1-2 "Jesus ons loof U"   | 135-136<br>137-139<br>140 |  |
| Liturg        | Slotwoord en <b><u>gebed</u></b> |  | 141                       |  |
| Orrelis of MG | Slotlied                         |  | 142-144                   |  |
|               | Bedankings                       |  | 145-146                   |  |